# Brokkies Nuus
# Aug/Sept 2014



Beaumont se pragtige gebedskamer

- **GEBED** en **OMGEE** is beslis op die voorgrond in hierdie nuusbrief! Dis opwindend wat die Here besig is om te doen by skole wat gebed aanbetref. By **Beaumont** in Somerset-Wes is die permanente **gebedskamer** ingerig en kan leerders op Dinsdae en Vrydae tydens 1ste en 2de pouse kom bid. Die gebedsmammas het lys van volwassenes wie kom help. HEY! vat hande met hulle en ons sien reeds watter verskil hierdie gebedsinisiatief (wat gebore is uit die vorige gebedsweek),maak! Jakobus 5:16 is waar….gebed HET 'n kragtige uitwerking!!



Lochnerhof l/s in Strand se gebedshuis in wording

- **Ons is baie opgewonde oor Lochnerhof** se wendy/gebedshuis wat HEY! kon oprig danksy donateurs! Dit sal as byeenkom plek vir HEY! Bybelklas aanbieders dien asook as gebedshuis vir gebedspan by skool en sal vir gebedsweke gebruik word. Die naam van die huisie is **"DIE LIGHUIS"** volgens Matt5:16 en ons gebed is dat Lochies se lig helder sal skyn vir Jesus!

- **Die "SWOP SHOP" by Sir Lowry's Pass laerskool (inisiatief van Beaumont)en die gr6 HEY!"Sout van die Aarde" leerders: Sir Lowry** leerlinge kry punte vir herwinning wat hulle bring en kan dit dan ruil vir items wat deur Beaumont verskaf word (elke graad het lys van items wat hulle kan bring) Die gr6e leer die jaar by HEY! om leiers te wees soos Jesus ons leer en gee om vir ander! **Op hulle versoek om self te gaan help by "swop shop" het skool gereel dat daar elke week gr 6e kan gaan . Hulle geniet dit om die maats te help met hul aankope en Jesus se hande en voete te wees. Dit is "LOVE IN ACTION!"** ♥ ♥







**Dankie vir jou getroue ondersteuning en gebede,waardeer dit! Webwerf :** [www.hey.org.za](http://www.hey.org.za)

**en gaan "like" ons Facebook https://www.facebook.com/HopeExplosionYouthMinistries**